

Gedragkode en -reëls

1. Inleiding

Hierdie dokument is die gedragkode van **Laerskool Bosveld Primary** soos die beheerliggaam goedgekeur. Die beheerliggaam het die ouers, leerders en opvoeders van die skool oor die inhoud van die gedragkode geraadpleeg. Die gedragkode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragkode vir Leerders (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998); die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008); Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig) en toepaslike provinsiale wetgewing.

2. Doel

- Hoewel die Staat verplig bly om opvoeding beskikbaar en toeganklik te maak, moet dit aangevul word met die toewyding en verbintenis van verantwoordelike rolspelers, naamlik opvoeders, leerders en ouers. Hierdie gedragkode is bedoel om sodanige toewyding en verbintenis te bevorder.
- Die doel van hierdie gedragkode is om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewy is aan die bevordering en handhawing van die gehalte van die leerproses.
- Die gedragkode onderskryf die skool se missiestelling.
- Leerders en hul ouers/voogde moet hulself van die skool se gedragkode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerders by die skool ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die gedragkode, en moet hulle dit stiptelik nakom. Indien leerders die gedragkode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerders teen hulle opgetree word.

3. Gedragkode

3.1 Algemene reëls

- 3.1.1 Die leerders van Laerskool Bosveld Primary moet hulle altyd so gedra dat die skool trots kan wees op hulle.
- 3.1.2 Die leerders moet die skoolreëls ken en dit gehoorsaam.
- 3.1.3 As 'n leerder skooldrag, Bossiedrag of sportdrag aan het sodat hy as 'n leerder van Laerskool Bosveld Primary uitgeken kan word, maak nie saak waar hy is nie, moet hy nog steeds al die skoolreëls gehoorsaam en nie die skool se naam deur sy gedrag in die skande steek nie.
- 3.1.4 Leerders moet altyd respek betoon teenoor die skoolhoof en al die personeel van die skool.
- 3.1.5 Leerders moet ook mede-leerders en maats met respek behandel. Leerders mag hulle mede-leerders en maats nie seermaak op enige manier nie, ook nie deur wat hulle sê nie. Enige seksuele of onbehoorlike fisiese kontak tussen leerders word as 'n ernstige oortreding beskou.
- 3.1.6 Onderwysers van die skool het dieselfde regte om dissipline en beheer oor 'n leerder uit te oefen as wat sy ouers het. Dit geld gedurende skooltyd en ook by enige ander skoolaktiwiteit waar die leerder betrokke is.
- 3.1.7 Leerders mag nie in die klaskamer, saal, mediasentrum of rekenaarcentrum eet of drink nie.
- 3.1.8 Niemand mag kougom in skooltyd kou nie.
- 3.1.9 Leerders mag nie hulle selfone gebruik in skooltyd nie. Gedurende skooltyd moet selfone afgeskakel word en in die leerders se tas gebêre word.
- 3.1.10 Leerders mag nie rook as hulle skooldrag aan het nie. Hulle mag ook nie enige tabak- of dwelmmiddels by hulle hê nie.
- 3.1.11 Leerders mag nie alkohol gebruik of alkoholiese middels by hulle hê as hulle skooldrag aan het of aan 'n skoolaktiwiteit deelneem nie.
- 3.1.12 Die skoolhoof of 'n onderwyser mag 'n leerder en sy besittings deursoek as daar vermoed word dat hy die skoolreëls of landswette oortree het, of gevaarlike wapens of pornografie by hom mag hê. Die leerder se menswaardigheid sal deurgaans gerespekteer word. Die deursoeking sal privaat, deur persone van dieselfde geslag en in die teenwoordigheid van nog 'n persoon, geskied. Die deursoekingsproses en -uitkoms moet opgeteken word.
- 3.1.13 As 'n leerder hom so gedra dat dit die skool se administrasie, dissipline of doeltreffendheid benadeel, sal dit as 'n oortreding van hierdie gedragkode beskou word.
- 3.1.14 As 'n leerder in 'n hof aan 'n strafregtelike oortreding skuldig bevind word, sal dit as 'n oortreding van hierdie gedragkode beskou word.
- 3.1.15 Oortredings wat daartoe kan lei dat 'n leerder geskors en/of uit die skool gesit word, sluit die volgende in, maar is nie beperk nie tot:
 - A. Optrede wat ander se veiligheid bedreig
 - B. Optrede wat die regte van ander skend
 - C. Die besit, gebruik of verkoop van enige dwelmmiddels van enige aard.
 - D. Die besit, gebruik of verkoop van alkohol
 - E. Bakleiery, aanranding of mishandeling
 - F. Onsedelike gedrag
 - G. 'n Gevloek
 - H. Die aanneem of voorhou van 'n vals identiteit
 - I. Enige vorm van antisosiale gedrag, wat haatspraak, seksisme en rassisme insluit;
 - J. Die vernietiging of beskadiging van skool eiendom deur vandalisme of die aanbring van graffiti
 - K. Diefstal of die besit van gesteelde goedere
 - L. Diefstal of besit van toets- of eksamen vraestelle voordat die toets of eksamen geskryf is
 - M. Oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling teenoor opvoeders of ander skool personeel en leerders
 - N. Herhaalde oortredings van skoolreëls of hierdie gedragkode
 - O. Strafregtelike en onderdrukkende gedrag, soos verkragting en geslagsgebaseerde teistering
 - P. Die teistering en onbillike behandeling van iemand as gevolg van ras, geslag of geloof

- Q. Afknouery en intimidasie van ander leerders
- R. Die oortreding van toets- en eksamenreëls
- S. Om moedswillig en opsetlik vals inligting te gee of dokumente te vervals sodat die vervalser onbehoorlike voordeel daaruit kan trek.

3.2 Klasreëls

- 3.2.1 Klasreëls word deur die klasonderwyser aan die begin van die jaar opgestel en met die leerders bespreek.
- 3.2.2 Klasreëls moet in 'n duidelike leesbare skrif in die klaskamer opgesit word.
- 3.2.3 Leerders moet gehoorsaam wees aan die klasreëls, asook aan enige opdragte wat deur die klasonderwyser gegee word.
- 3.2.4 Algemene klasreëls:
 - A. Leerders stap in die klas in, sit en haal hulle boeke uit
 - B. Leerders mag nie sonder toestemming opstaan en rondloop in die klas nie (bv. papiere weggooi, klas uitvee, na die onderwyser/maat se tafel gaan, ens)
 - C. Leerders mag nie uitskree of gesels in die klas nie en moet altyd sy/haar hand opsteek.
 - D. Geen vloeistowwe mag die klaskamer gebring word nie.
 - E. Daar mag nie in 'n klaskamer geëet word nie.
 - F. Speel, rondhardloop, gly op vloere en staan op banke in klaskamers is verbode.
 - G. Leerders mag nie met nat of modderbesmeerde voete in die klaskamer kom nie
 - H. Geen leerder mag voor skool/pouse in die klas kom nie, behalwe as die onderwyser in die klaskamer is.
 - I. Daar mag nie op die meubels geskryf of gekrap word nie
 - J. Geen leerder mag sonder toestemming sitplekke verwissel nie.
 - K. Leerders moet hul eie skryfbehoeftes en ander noodsaaklike benodighede hê
 - L. Leerders moet alle papiere wat om hulle banke gemors het optel en in die asblik gooi wanneer hulle die klas verlaat.
 - M. Wanneer die hoof/ander onderwyser/'n besoeker die klas binnekom tydens 'n periode, moet die leerders vriendelik groet en doodstil voortgaan met hulle werk.
 - N. Geen leerder mag tydens 'n periode sonder toestemming buite 'n klaskamer wees nie.
 - O. Leerders moet tydens pouse badkamer toe gaan
- 3.2.5 Wanneer die interkom aangeskakel word, moet almal onmiddellik stilbly en luister
- 3.2.6 Afsluiting aan die einde van die dag:
 - A. Die afsluitklok lui vyf minute voor die einde van die skooldag
 - B. Daar word elke dag deur 'n onderwyser oor die interkom afgesluit.
 - C. Gedurende afsluiting moet almal stilbly
 - D. Geen leerders mag buite die klaskamer wees wanneer daar afgesluit word nie
 - E. Leerders mag eers verdaag nadat die tweede klok gelui het.
- 3.2.7 Selfone:
 - A. Selfone word op die leerder se eie risiko saamgebring skool toe en die skool kan nie verantwoordelik gehou word indien 'n selfone weggaan of beskadig word nie.
 - B. Indien 'n leerder 'n selfone saambring, om sy/haar ouers na skoolure te skakel, moet die selfone afgeskakel wees en in die leerder se tas gebêre word.
 - C. Geen leerder mag gedurende pouses/gedurende skoolure sy/haar selfone op die terrein hê om boodskappe te stuur/oproep te maak/musiek te luister nie.
 - D. Indien enige van die reëls oortree word, sal die leerder se selfone gevat en in die kluis toegesluit word tot aan die einde van die dag/ week.
- 3.2.8 Tasse
 - A. Tasse mag nie op die tafels in die klas gesit word nie.
 - B. Tasse moet behoorlik gemerk word.
 - C. Geen slagspreuke of plakkers mag op die tasse aangebring word nie.
 - D. Tasse moet 'n versterkte raam hê
 - E. Leerders mag nie in mede-leerders se tasse krap, of dit wegsteek nie.
 - F. Tasse mag nie op die terrein rondlê nie, maar voor skool en tydens pouse op die regte plekke neergesit word.
- 3.2.9 Huiswerk
 - A. Elke leerder ontvang 'n skool-huiswerkboek aan die begin van die jaar. Hy/sy moet die huiswerkboek oppas en die hele jaar gebruik.
 - B. In die huiswerkboek moet 'n klasrooster wees en die huiswerkboek moet elke dag by die skool wees.
 - C. Huiswerk, klaswerk en take moet betyds gedoen en ingegee word.
 - D. Huiswerk of take wat laat ingegee word, sal net aanvaar word as die leerder 'n doktersbrief of 'n aanvaarbare verduideliking vir die onderwyser gee
 - E. Leerders moet elke dag hulle boeke, handboeke en skryfbehoeftes wat hulle nodig het by die skool hê
- 3.2.10 Assesseringstake/Toetse/Eksamens:
 - A. Geen selfone word in die toets- of eksamenlokaal toegelaat nie.
 - B. Leerders mag nie met 'n ander leerder praat tydens 'n assesseringstake/toets/eksamen nie.
 - C. Leerders moet hulle van enige vorm van oneerlikheid weerhou
 - D. Leerders mag geen boek/handboek/aantekeninge by hom/haar hê tydens 'n assesseringstake/toets/eksamen nie
 - E. Slegs die nodige skryfbehoeftes mag by 'n leerder wees. Geen pennesakkies/'space-case' is toelaatbaar nie.
 - F. Geen skryfbehoeftes mag by ander leerders geleen word nie.
 - G. Leerders mag nie afwesig wees van 'n assesseringstake/toets/eksamen nie, dit bepaal die leerder se promosiepunt/kwartaalpunt en is dus uiters belangrik

H. Wanneer 'n leerder afwesig is vir 'n assesseringstaak/toets/eksamen sal die leerder wat nie 'n dokters-/kliniekbrief of 'n baie goeie rede het nie, nul kry vir die aktiwiteit.

3.2.11 Handboeke:

- A. Leerders moet alle boeke en handboeke netjies oortrek
- B. As 'n handboek weggraak/beskadig word, moet die handboek by die finansiële kantoor betaal word en die kwitansie aan die onderwyser gegee word.

3.2.12 Skoolkennisgewings en nuusbriewe

- A. Leerders moet alle kennisgewings van die skool, wat deur die beheerliggaam/hoof/onderwysers van die skool aan hom/haar gegee is, vir sy/haar ouers gee om te teken/voltooi

3.2.13 Alle klasse word in die middag na skool gesluit. Die klasonderwyser moet seker maak dat alle vensters toe is en alle ligte/waaiers/lugversorgers afgeskakel is

3.2.14 Geen leerder mag apparaat dra of sonder toesig hanteer nie.

3.2.15 Leerders mag nie 'n radio of enige ander elektroniese middele in die klaskamer inbring nie

3.3 Voorkoms en skooldrag

3.3.1 Algemeen

- A. Skooldrag moet gedurende skoolure én ander skoolaktiwiteite soos wat die beheerliggaam bepaal, gedra word.
- B. Skooldrag moet altyd skoon en netjies wees.
- C. Leerders mag 'n wit onderhemp (frokkie) onder hul skooldrag dra wat nie sigbaar mag wees nie. Geen gekleurde T-hemde mag onder skoolklere gedra word nie.
- D. Die beheerliggaam kan toestemming gee dat leerders by sekere geleenthede gewone drag dra.

3.3.2 Skooldrag

A. Somersdrag: Seuns

- * Blou skoolhemp met skoolwapen
- * Donkerblou skoolbroek
- * Lang blou skoolkouse met ligblou en rooi strepe
- * Skooltrui/donkerblou windbreker ('Drimac')/skool oortrek-trui ('pull-over')
- * Geen kouse met gate, geskeurde, verbleikte of vuil klere nie
- * Netjiese swart, poleerbare skoolskoene met veters of kaalvoet
- * Skooltrui of windbreker, mag nie om middellyf vasgebind word nie en moue mag nie opgeskuif word nie.
- * Hemde moet altyd netjies ingesteeek wees en kouse opgetrek wees.
- * Seuns word nie toegelaat om met hulle hande in hulle broeksakke rond te loop nie.
- * 'n Hoed/pet mag slegs tydens pouse/buite-aktiwiteite gedra word
- B. Somersdrag: Dogters
- * Blou en wit geruite skoolrok met skoolwapen en belt wat in die rok se lissies vasgemaak is en nie op die heupe hang nie.
- * Kort donkerblou sokkies (nie lang blou winterskouse wat afgerol word nie)
- * Netjiese, erkende swart skoolskoene met veters/klitsgras/gespe
- * Skooltrui/donkerblou windbreker ('Drimac')/skool oortrek-trui ('pull-over')
- * Geen kouse met gate, geskeurde, verbleikte of vuil klere nie
- * Skooltrui of windbreker, mag nie om middellyf vasgebind word nie en moue mag nie opgeskuif word nie.
- * Roklengte is 10 cm van grond in 'n knielende posisie. Rok moet 'n netjiese soom inhê
- * 'n Hoed/pet slegs mag tydens pouse / buite-aktiwiteite gedra word
- C. Wintersdrag: Seuns en Dogters

Seuns en dogters dra dieselfde wintersdrag.

- * Blou seunshemp met skoolwapen
- * Donkerblou sweekpakbroek met windbreker (Dri-mac)/skooltrui/oortrek-trui ('pull-over')
- * Lang, blou seunskouse en swart skoolskoene
- * Slegs rooi, wit en donkerblou serpe mag gedra word.
- * Geen musse ('beanies') word toegelaat in die winter nie

Dogters het ook 'n tweede keuse:

- * Skoolrok met lang, blou seunskouse en swart skoolskoene.
- * Donkerblou windbreker (Dri-mac)/skooltrui/oortrek-trui ('pull-over')
- * Geen sykouse of 'tights' mag gedra word nie.
- * Slegs rooi, wit en donkerblou serpe mag gedra word.
- * Geen musse ('beanies') word toegelaat in die winter nie

D. Bossiedrag:

- Bossiedrag word gedra:
- * Op die dag wat die leerder verjaar of die Vrydag indien die leerder oor 'n naweek verjaar
 - * Die Vrydag nadat die leerder se naam in die saal gelees is vir 80% en meer in 'n toets
 - * Wanneer die leerder gaan deelneem aan 'n aktiwiteit en dit so met die leerders gereël is
 - * Wanneer 'n sportspan gewen het, mag die span die volgende dag bossiedrag dra
 - * Wanneer die hoof toestemming gee tydens spesiale geleenthede
 - * Die dae wat die graadgroep LO het

Seuns: Somer

- * Donkerblou Bossiehemp met skoolwapen en kraag
- * Geen soortgelyke geborgde hemde mag gedra word nie
- * Donkerblou rugbybroek/Bossiebroek

- * Netjiese tekkies en blou kouse/kaalvoet.
- * Geen 'secret socks'. Geen plakkies.

Dogters: Somer

- * Donkerblou Bossiehemp met skoolwapen en kraag
- * Geen soortgelyke geborgde hemde mag gedra word nie
- * Donkerblou Bossiebroek
- * Netjiese tekkies en blou kouse/kaalvoet.
- * Geen 'secret socks'. Geen plakkies.

Seuns en Dogters: Winter

- * Donkerblou Bossiehemp met skoolwapen en kraag
- * Donkerblou sweekbroek/netjiese donkerblou denimbroek (geen 'skinny'/verbleikte/geskeurde denims)
- * Netjiese tekkies en blou kouse
- * Skooltrui/donkerblou windbreker ('Drimac')/skool oortrek-trui ('pull-over')
- * Geen musse ('beanies') of hoofbedekkings buiten dié wat in die kleredragreëls voorgeskryf word, mag gedra word nie.

3.3.3 Voorkoms

A. Hare - Dogters

- * Hare mag nie gekleur of strepe ingesit word nie
- * Hare wat oor die kraag hang, moet vasgemaak word.
- * Slegs haarbykomstighede (linte, kammetjies en rekkies) wat by die skool se kleure pas, mag gedra word (wit, rooi en donkerblou)
- * Hare moet stewig vasgemaak wees. Geen los kuiwe wat in die oë/gesig hang nie
- * Netjiese, aanvaarbare verlengstukke mag gedra word indien dit netjies gevleg en vasgemaak is.
- * Vals haarstukke: Slegs medium lengte vals haarstukke wat gevleg/vasgemaak/weggebind is mag gedra word

B. Hare - Seuns

- * Hare moet kort en netjies geknip wees.
 - * Die gedeelte om die ore moet skoon geknip wees. Hare mag nie aan die ore raak wanneer die hare regaf gekam word nie.
 - * Wanneer die hare afgekam word, mag dit nie die wenkbroue raak nie.
 - * Wangbaard ("sideburns") kan tot by die middel van die oor strek.
 - * Hare moet agter reëlmatig opgesny word.
 - * Hare mag nie uitermate van die kop wegstaan nie. Geen vreemde haarstyle word toegelaat nie.
 - * Haarstyle wat onder uitgeskeer of -geknip word, oftewel "undercuts", is verbode.
 - * Hare mag nie gekleur of strepe ingesit word nie
 - * Geen patrone mag op die kop gesny word nie.
- C. Juwele
- * Geen juwele, soos ringe, armbande of kettings, word toegelaat nie.
 - * Slegs polshorlosies word toegelaat.
 - * Die dra van liggaamsjuwele, soos neus-, tong- en wenkbroujuwele, is verbode.
 - * Wat oorringe vir dogters betref, mag slegs een standaard goue/silwer knoppie/ringetjie per oor gedra word, en wel in die onderste gaatjie indien daar meer as een is.
 - * Geen steentjies van enige aard word toegelaat nie.
 - * 'Medic Alert' en 'Crisis-on-Call' bandjies/hangertjies mag wel gedra word.
 - * Vir die dra van gebedsbandjies moet daar vooraf 'n reëling met die hoof getref word.

D. Naels

- * Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie.
- * Geen naelpolitoer ('cutex') mag gedra word nie.
- * Geen vals naels of 'French tips'

E. Grimering

- * Geen maskara, oogomlyner of blosser (of enige ander grimering) word toegelaat nie.
- * Geen lipglans mag gedra word

3.3.4 Toeskouers/Ondersteuners by sport- en ander byeenkomste

- * Netjiese skool- of bossiedrag
- * Voorgeskrewe reëls vir hare, juwele, grimering geld steeds

3.4 Sport- en buitemuurse aktiwiteite

3.4.1 Deelnemers aan sport- en buitemuurse aktiwiteite:

- A moet gedurende en ná deelname aan aktiwiteite in die sportdrag, skooldrag of ander voorgeskrewe drag geklee wees soos wat die betrokke onderwyser bepaal.
- B moet lojal wees teenoor die skool en mede-deelnemers.
- C moet betyds by die plek aanmeld waar die aktiwiteit plaasvind of waarvandaan deelnemers vertrek
- D kan slegs van bywoning verskoon word indien 'n skriftelike verskoning ten minste drie dae vooraf aan die sport- of kultuurhoof oorhandig word.
- E sal te alle tye hoflik optree teenoor, en aan die beslissings, voorskrifte en opdragte voldoen van:
- * die sport-, kultuurhoof of onderwyser wat by die bepaalde sport betrokke is;
 - * die skeidsregter of beoordelaar; en
 - * die spankaptein.
- F met oorgawe deelneem met die nodige selfbeheersing en dissipline

G moet hulle van enige onsportiewe gedrag, vuil of beledigende taal, betrokkenheid in gevegte of voorvalle, of enige vuil of onbehoorlike spel weerhou.

3.4.2 Toeskouers en ondersteuners by sport- en ander buitemuurse aktiwiteite:

A in netjiese Bossiedrag of skooldrag geklee wees

B moet hul as ambassadeurs van die skool gedra. Enige afwykende gedrag sal gestraf word

C mag nie negatief op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters reageer nie.

D moet enige opdragte en aanwysings gehoorsaam wat hulle voor, gedurende én na afloop van die betrokke aktiwiteit ontvang van die skoolhoof, enige onderwyser, lid van die leerlingraad, ander skoolleiers, of ouers wat deur die skoolhoof aangestel is

3.5 Skooleiendom en Omgewing

3.5.1 'Skooleiendom' sluit die volgende in:

A Die grond en geboue wat op die skoolterrein is

B Alle ander eiendom wat die skool besit soos: gereedskap, toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie ensovoorts.

3.5.2 Die skool is opgerig en ontwikkel sodat alle leerders van die skool dit kan gebruik.

3.5.3 Leerders moet die skoolgronde, -geboue en terrein oppas en nie beskadig of bemors nie.

3.5.4 Skooleiendom mag slegs deur leerders of ander persone verwyder word met die nodige toestemming van die hoof.

3.5.5 Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, medeleerders, besoekers aan die skool, of lede van die publiek hanteer, beskadig of vernietig nie. Hierdie reël geld eiendom op die skoolterrein, in die onmiddellike omgewing van die skool, by of naby die plek van enige skoolaktiwiteit, sowel as enige voertuig waarmee leerders vervoer word.

3.5.6 Leerders wat enige skooleiendom beskadig of vernietig, moet dit vervang, herstel of die skool daarvoor vergoed. Vernietiging en/of beskadiging van eiendom is 'n strafbare oortreding.

3.5.7 Leerders het die reg om in 'n veilige omgewing skool te gaan

3.5.8 Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is, moet die terrein wat hulle gebruik netjies en skoon agterlaat, en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.

3.5.9 Leerders moet toilette skoon agterlaat.

3.5.10 Enige optrede deur leerders wat 'n gesondheidsgevaar vir ander leerders veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, moet vermy word.

3.5.11 Geen slagspreuke (graffiti), plakkers of plakkate mag sonder die toestemming van die hoof op enige plek by die skool aangebring word nie.

3.5.12 Leerders moet gehoorsaam wees aan die opdragte van die hoof, enige onderwyser, lid van die Leerlingraad of 'n ander skoolleier om die skoolomgewing veilig en skoon te hou.

3.6 Die Leerlingraad en skoolleiers

3.6.1 Leerlingraad

A. Die Leerlingraad en skoolleiers is saam met die personeel van die skool verantwoordelik vir algemene skooldisipline.

B. Leerlingraadslede en skoolleiers moet leerders wat oortree na die personeel van die skool bring, waarna die gedragskode gevolg sal word.

C. Alle leerders moet enige redelike voorskrif van 'n lid van die Leerlingraad of 'n ander skoolleier gehoorsaam, en moet die Leerlingraad en ander skoolleiers ondersteun en samewerking verleen in die behoorlike uitvoering van hul pligte.

3.6.2 Mediasentrum

A. Moet kan saamwerk in 'n groep en 'n goeie verhouding hê met jou maats.

B. Moet pligsgetrou wees en stiptelik pouse op jou pos wees.

C. 'n Goeie gesindheid teenoor personeel en maats

D. Moet te alle tye van hulp wees as leerders kom boeke uitneem.

E. Rakke moet te alle tye netjies, afgestof en alfabeties gepak wees.

3.6.3 Snoepwinkel

A. Moet te alle tye eerlik wees

B. Moet betyds wees

C. Moet vriendelik wees met die kinders en besoekers

D. Moet die snoepie skool en netjies hou

E. Moet hou by die diensrooster

3.6.4 Skolierpatrolie

A. Indien 'n lid nie sy/haar diensbeurt kan staan nie, moet hy/sy reël met iemand om in sy/haar plek te staan. Reël ook met die juffrou aan diens.

B. Moet te alle tye netjies wees.

C. Stiptelik wees op sy/haar pos wees.

D. Te alle tye hulpvaardig en vriendelik wees.

E. Verantwoordelik optree en sorg dat leerders te alle tye veilig voel.

3.6.5 Rekenaarsentrum

A. Wees betyds. Indien jy gaan laat wees, of nie kan diens doen nie, reël vroegetydig met die juffrou

B. Elke groep het 'n leiers en dit is die plig van die lede in die groep om die leier se opdragte, wat deur die juffrou gegee is, te gehoorsaam

C. Alle skoolreëls moet te alle tye gehoorsaam word

D. Hou by die diensrooster

3.7 Stiptelikheid

3.7.1 Leerders sal op die bestemde tyd aan die begin van die skooldag en met die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit opdaag.

- 3.7.2 Wanneer leerders laat kom, moet hulle 'n skriftelike verskoning van hul ouers verskaf. Leerders wat laat opdaag, moet eers by die kantoor aanmeld voordat hulle na hul betrokke klas gaan. Die aantal kere wat 'n leerder laat is vir skool, sal op die leerder se vorderingsverslag aangeteken word
- 3.7.3 Skooltye
- Die skooldag neem stiptelik om 07:20 in aanvang.
 - Leerders tree om 07:20 by die vlagpaal/plekke aangewys aan.
 - Die opvoeder aan diens laat die leerders verdaag na hul registerklasse.
 - Skoolhekke word om 07:25 gesluit.
 - Die eerste periode begin om 07:45 (Registerperiode: 07:30)
 - Indien 'n leerder laat is moet hy / sy eers by die kantoor aanmeld.
 - Leerders verdaag aan die einde van die dag na die klok gelui het.
 - Die hekke word smiddae om 12:30 oopgesluit
 - Graad R, 1 en 2: 07:20 tot 12:30 (Maandag tot Vrydag)
 - Graad 3: 07:20 tot 13:00 (Maandag tot Vrydag)
 - Graad 4 tot 7: 07:20 tot 13:45 (Maandag tot Vrydag) en 07:20 tot 13:00 (Vrydag)
 - Afsluiting van die skooldag (Graad 4 tot 7) met gebed is om 13:40 deur die personeellid aan diens.
 - Ouers met leerders in Graad 1 tot Graad 7 mag nie hul kinders by die klas afhaal nie, maar moet deur die kantoor toestemming kry om die skool te betree.
- 3.7.4 Afwesigheid van skool
- Leerders mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig wees van die skool, en dan ook slegs wanneer die skoolhoof, of sy/haar verteenwoordiger indien die skoolhoof nie beskikbaar is nie in kennis gestel is.
 - Afwesigheid van die skool sonder 'n aanvaarbare verskoning word as stokkiesdraaiery beskou, wat streng verbode is.
 - Leerders wat vir een tot drie agtereenvolgende dae van die skool afwesig is, moet met hul terugkeer 'n skriftelike verduideliking van hul ouers voorlê. Afwesigheid vir meer as drie agtereenvolgende dae sal slegs verskoon word indien 'n brief deur 'n geregistreerde mediese praktisyn voorgelê word, buiten in die geval van dood of trauma in die leerder se gesin of om 'n ander rede wat deur die skoolhoof goedgekeur word.
- 3.8 Bullebakkerij, kuberbullebakkerij of vergelding**
- 3.8.1 Hierdie beleid geld vir enige leerder, onderwyser en nie-onderwyser by die skool sowel as enige besoeker of vrywilliger wat gedrag openbaar wat op bullebakkerij, kuberbullebakkerij of vergelding neerkom.
- 3.8.2 Hierdie beleid geld vir bullebakkerij wat:
- plaasvind by die skool of op die skoolterrein. Dit sluit in die skoolgebou, die eiendom waarop 'n skoolgebou of -fasiliteit geleë is, en op/in eiendom wat 'n skool vir 'n skoolgeborgde aktiwiteit, geleentheid, program, onderrig of opleiding besit, huur of gebruik, en 'skoolterrein' sluit ook voertuie in wat vir skoolverwante vervoer gebruik word;
 - plaasvind terwyl leerders na of van skole of skoolgeborgde geleenthede vervoer word;
 - plaasvind by enige skoolgeborgde geleentheid, aktiwiteit, program, onderrig of opleiding;
 - plaasvind deur die gebruik van data, telefone, rekenaarsagteware of tegnologie wat deur 'n rekenaar, rekenaarstelsel of rekenaarnetwerk van die skool bekom word; of
 - elders plaasvind, maar slegs indien die bullebakkerij ook die regte van die leerder by die skool skend of indien die skool self op enige manier betrokke is of betrek word.
- 3.8.3 Verbode aktiwiteite of gedrag
- Die volgende gedrag is verbode:
- Bullebakkerij
 - * tergerij;
 - * sosiale uitsluiting;
 - * dreigemente;
 - * intimidasie;
 - * bekruipeery;
 - * fisiese geweld;
 - * diefstal;
 - * seksuele, godsdienstige of rasseteistering;
 - * openbare vernedering; en
 - * die vernietiging van eiendom.
 - Kuberbullebakkerij
 - * die publikasie van lelike aanmerkings of gerugte of enige lasterlike, onakkurate, verkleinerende, gewelddadige, neerhalende, aanstootlike of seksueel gerigte materiaal oor 'n leerder op 'n webtuiste of 'n ander aanlyn-toepassing;
 - * die publikasie van misleidende of vervalste foto's of digitale videomateriaal van 'n leerder op webtuistes, of die skep van vals webtuistes of sosiale netwerkprofile asof dit die slagoffer s'n is;
 - * die nabootsing of voorstelling van 'n ander leerder deur daardie ander leerder se elektroniese toestel of rekening te gebruik om e-pos, teksboodskappe en kitsboodskappe te stuur of foonoproepe te maak;
 - * die versending van e-pos, teksboodskappe of kitsboodskappe of die laat van stemboodskappe wat gemeen of dreigend is, of so oorvloedig is dat dit die slagoffer se e-posrekening, kitsboodskaprekening of selfoon bombardeer; en
 - * die gebruik van 'n kamerafoon of digitale videokamera om beskamende of seksgebaseerde foto's van ander leerders te neem en/of te stuur.
 - Teistering
- Skade te doen, of die redelike oortuiging laat posvat dat skade gedoen kan word, aan die klaer of 'n verwante persoon, deur op onredelike wyse:

- * die klaer of 'n verwante persoon te agtervolg, dop te hou of by te dam, of buite of naby die gebou of plek rond te hang waar die klaer of 'n verwante persoon woon, werk, sake doen, studeer of toevallig is;
 - * verbaal, elektronies of op enige ander wyse en deur middel van enige ander middel met die klaer of 'n verwante persoon te probeer kommunikeer, ongeag of 'n gesprek gevoer word of nie; of
 - * briewe, telegramme, pakkies, fakse, e-pos of ander voorwerpe aan die klaer of 'n verwante persoon te stuur, daar af te lewer of te laat aflewer, of sodanige items daar te laat waar dit gevind sal word deur, oorhandig sal word aan of onder die aandag sal kom van die klaer of 'n verwante persoon; of
 - * op die seksuele teistering van die klaer of 'n verwante persoon neerkom.
- D. Vergelding teen enigeen wat sodanig omskrewe gedrag aanmeld
- E. Vals beskuldigings van bullebakkerie
- F. Skending van die skool se goeie naam
- G. Enigeen wat enige van hierdie verbode gedrag openbaar, sal die gevolge daarvan moet dra.
- 3.8.4 Wat kuberbullebakkerie betref, kom die volgende handeling sowel as teistering en seksboodskappe op strafregtelike oortredings neer en sal dus ook as wangedrag ingevolge die skool se gedragskode beskou word:
- A. Crimen iniuria - Enige handeling wat die waardigheid van 'n ander persoon aantast, wat ook kan plaasvind deur aan iemand anders 'n boodskap te stuur wat hetsy 'n uitdruklike of implisiete uitnodiging tot, of voorstel van, seksuele immoraliteit of onbetaamlikheid bevat, of deur onweloweglike foto's te versend.
- B. Strafregtelike naamskending - Lasterlike aanmerkings teenoor derde partye in kletskamers, op sosiale netwerke, of in e-posse, teksboodskappe of kitsboodskappe is onder meer vorme van kuberbullebakkerie.
- C. Afpersing - Waar 'n persoon opsetlik en onregmatig dreig om inligting oor, of kompromitterende beelde van, 'n ander persoon elektronies te versprei.
- 3.8.5 Aanmelding
- A. Bullebakkerie, vermoedelike bullebakkerie of enige ander verbode handeling wat hierbo genoem word, kan persoonlik of skriftelik (waaronder naamloos) by die skoolhoof of ander personeellid aangemeld word.
- B. Indien enigeen kuberbullebakkerie vermoed of daarvan ingelig word, sal die volgende stappe geneem word:
- * Selfone
 - * Vra die leerder om die betrokke selfoon aan jou te wys.
 - * Let deeglik op alles op die skerm wat met 'n onvanpaste teksboodskap of beeld verband hou, wat die datum, tyd en name insluit.
 - * Transkribeer 'n stemboodskap en teken weer die datum, tye en name aan.
 - * Gee die leerder opdrag om die boodskap/beeld te stoor.
 - * Vergesel die leerder na die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde.
 - * Rekenaars
 - * Vra die leerder om die betrokke materiaal op die skerm te vertoon.
 - * Vra die leerder om die materiaal te stoor.
 - * Druk onmiddellik die aanstootlike materiaal uit.
 - * Maak seker dat jy alle bladsye en inligting in die regte volgorde het, en dat niks weggelaat word nie.
 - * Vergesel die leerder na die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde, en neem die aanstootlike materiaal saam.
 - * Gewone prosedures word dan gevolg om onderhoude met leerders te voer en verklarings af te neem.
- C. Ouers en ander volwassenes wat van voorvalle van bullebakkerie bewus is, word aangemoedig om hierdie gedrag by 'n personeellid aan te meld.
- D. Alle ander lede van die skoolgemeenskap, wat leerders, ouers/voogde, vrywilligers en besoekers insluit, word aangemoedig om enige handeling wat hierdie beleid oortree, hetsy persoonlik of naamloos by die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde aan te meld.
- E. Weerwraak of vergelding teen enigeen wat 'n voorval van bullebakkerie aanmeld, is verbode. Indien daar vasgestel word dat 'n leerder iemand anders valslik van bullebakkerie beskuldig het, sal sodanige leerder die dissiplinêre gevolge moet dra.
- F. Ingevolge artikel 54 van die Wysigingswet op die Strafbreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, moet enigeen wat van 'n seksuele oortreding teen 'n kind kennis dra sodanige inligting onmiddellik by 'n polisiebeampte aanmeld. Versuim om sodanige inligting aan te meld is 'n misdryf. Dus is enigeen wat betrokke is by seksboodskappe of seksuele teistering, of wat van sodanige handeling bewus is, verplig om dit aan te meld.
- G. In geval van 'n skending van enige bepaling in hierdie beleid moet die dissiplinêre prosedure van die skool se gedragskode gevolg word.
- 3.8.6 Alternatiewe dissiplinêre maatreëls sluit onder meer in:
- A. 'n ontmoeting met die leerder en die leerder se ouers;
- B. besinningsaktiwiteite, soos om die leerder opdrag te gee om 'n opstel oor sy/haar wangedrag te skryf;
- C. berading;
- D. woedebestuur;
- E. gesondheidsvoorligting of -intervensie;
- F. geestesgesondheidsvoorligting;
- G. deelname aan vaardigheidsbou- en geskilbeslegtingsaktiwiteite, soos sosiaal-emosionele kognitiewe vaardigheidsbou, beslegtingskringe en herstelkonferensies;
- H. gemeenskapsdiens; en
- I. interne detensie of skorsing, wat in middagete, ná skool of oor naweke kan geskied.
- 3.9 Vrystelling van bepalings van die gedragskode
- 3.9.1 Leerders kan op kulturele, godsdienstige of mediese gronde skriftelik by die beheerliggaam aansoek doen om algehele of ge-

deeltelike vrystelling van een of meer van die items wat in die gedragskode vervat is.

- 3.9.2 Sodanige aansoek moet volledige redes én stawende bewyse insluit. Die bewyslas rus dus op die leerder om die aansoek om vrystelling te staaf.
- 3.9.3 Aansoeke om vrystelling sal slegs aan die begin van elke skooljaar (met registrasie) oorweeg word, tensy dringendheid of veranderende omstandighede aangevoer kan word.
- 3.9.4 In die oorweging van 'n aansoek om vrystelling sal die beheerliggaam geregtig wees om enige inligting in te win wat hy vir 'n regverdige beoordeling van die aansoek kan nodig ag.
- 3.9.5 Die beheerliggaam sal die aansoek om vrystelling met die nodige erns en verantwoordelikheid, en binne die raamwerk van die Grondwet en hofuitsprake oorweeg, en die leerder skriftelik van sy besluit inlig.
- 4. Prosedure vir dissiplinêre optrede teen leerders**
- In geval van die oortreding van enige bepaling wat in die gedragskode vir leerders voorgeskryf word, moet hierdie dissiplinêre prosedure gevolg word.
 - Vir die toepassing van hierdie dissiplinêre prosedure word wangedrag in drie kategorieë verdeel.
 - Dit stem ooreen met die verskillende dissiplinêre stappe wat gedoen kan word en die verskillende prosedures wat gevolg kan word in die hantering van wangedrag.
- 4.1 Dissiplinêre optrede**
- 4.1.1 Vlak 1-oortredings word in die leerder se werkboek aangeteken op Vorm LB007B. Na drie waarskuwings word 'n kennisgewing in die leerder se boek geplak wat aan die ouer gerig is en onderteken moet word. Na drie kennisgewings kry die leerder dan 'n inskrywing op Vorm LB007.
- 4.1.2 Vir vlak 2- en 3-oortredings word leerders gepenaliseer met die aantal punte soos toegeken aan elke oortreding van die skoolreëls. Aanmelding geskied volgens vorm (LB 007) en word deur die onderwyser voltooi.
- 4.1.3 Sover moontlik moet die vorm deur getuies onderteken word en moet skriftelike getuienis aangeheg word.
- 4.1.4 Indien nodig doen die Dissipline-hoof 'n verdere ondersoek deur ondervraging en inroep van ander getuies. 'n Verslag van die ondersoek word by die getuies se getuienis gevoeg.
- 4.1.5 Die Dissipline-hoof lees die punte in die rekenaar in en plaas die dokumentasie op lêer.
- 4.1.6 Die Dissipline-hoof sal dan, met die bereiking van die vasgestelde puntetotaal, met die leerder, ooreenkomstig die tugmaatreëls, handel.
- 4.1.7 Kennisgewings tot die sit van detensie, geskied ook skriftelik aan leerders en ouers en moet ook per handtekening erken word.
- 4.1.8 Die sit van detensie geskied onder toesig van 'n onderwyser op Vrydaemiddae vanaf 13:00 - 15:00 of soos gereël. Die leerder mag hom-/haarself met niks besig hou tydens die sit van detensie nie, behalwe die uitskryf van die skoolreëls/spelwoorde. 'n Pouse van 5 minute sal toegelaat word om 14:00 om badkamer toe te gaan/te eet.
- 4.1.9 Hulp van die SAPD kan ingeroep word met die hantering van kriminele oortredings.
- 4.1.10 Die merietestelsel van Laerskool Bosveld Primary is van so 'n aard dat daar erkenning gegee word aan leerders wat positiewe gedrag openbaar en presteer op 'n verskeidenheid van terreine. Positiewe gedrag word dus te alle tye erken en geprys.
- 4.2 Tugmaatreëls**
- 4.2.1 Elke leerder begin elke jaar op nul.
- 4.2.2 Met 40 punte verskyn hy / sy voor die Dissipline-hoof (1 dag detensie - geel)
- 4.2.3 Met 60 punte verskyn hy / sy voor die Dissipline-hoof (2de dag detensie - groen)
- 4.2.4 Met 80 punte verskyn hy / sy voor die Dissipline-hoof (3de dag detensie - rooi)
- 4.2.5 Met 100 punte verskyn hy / sy voor die Beheerliggaam (Dissipline-gesprek)
- 4.2.6 Indien 'n leerder na bogenoemde steeds die skoolreëls oortree, sal 'n Dissiplinêre verhoor plaasvind en kan die volgende stappe geneem word:
- A. 1 week tydelike skorsing kan deur die Departement van Onderwys aanbeveel word.
 - B. Permanente skorsing. Leerders tot op 15 jaar is skoolpligtig. Met skorsing moet die Departement van Onderwys 'n ander skool aanbeveel.
- 4.2.7 'n Leerder in Graad 6 met 60 penalisasiepunte kom nie in aanmerking vir die verkiesing tot die leerlingraad nie. Die laaste afsnydatum vir penalisering sal die dag voor die nominasielys gefinaliseer word, wees.
- 4.2.8 'n Skoolleier met 60 penalisasiepunte word tydelik/permanent van sy/haar amp as leier onthef.
- 4.2.9 'n Leerder met 60 punte sal die voorreg ontnem word om skooltoere/sporttoere/uitstappies mee te maak.
- 4.2.10 'n Leerder met 60 penalisasie punte wie se voorregte weggenem is, sal weer toegelaat word om funksies/toere by te woon, indien hy/sy vir 3 maande na laaste detensie nie weer detensie sit nie.
- 4.2.11 Indien 'n leerder nie opdaag vir detensie nie, sal nog 10 punte bygevoeg word.
- 4.3 Oortredings wat tot skorsing / onmiddellike skorsing mag lei**
- 4.3.1 Enige vorm van bullebakkerie of kuberbullebakkerie
- 4.3.2 Gedrag wat die veiligheid van ander in gevaar stel en hulle regte skend;
- 4.3.3 Die besit, dreigement of gebruik van 'n gevaarlike wapen
- 4.3.4 Die besit, gebruik, oorhandiging of sigbare bewyse van dwelmmiddels of ongemagtigde middels, alkohol of bedwelmende middels van enige aard
- 4.3.5 Gevegte, aanranding of mishandeling;
- 4.3.6 Immorele gedrag of godslastering
- 4.3.7 Skadelike graffiti, haattaal, seksisme en rassisme
- 4.3.8 Diefstal of besit van gesteelde eiendom
- 4.3.9 Onwettige optrede, vandalisme of die vernietiging of ontsiering van skool eiendom
- 4.3.10 Oneerbiedigheid, afkeurenswaardige gedrag en beledigende taal wat teen opvoeders of ander werknemers van die skool of teen leerders gerig is;
- 4.3.11 Herhaaldelike skending van skoolreëls of die Gedragskode

- 4.3.12 Kriminele en onderdrukkende gedrag soos byvoorbeeld verkragting en teistering wat op geslag gebaseer is
- 4.3.13 Verontregting, afknouery en intimidering van ander leerders (bullebakkerij)
- 4.3.14 Oortreding van eksamenreëls; en
- 4.3.15 Die bewustelike en opsetlike verskaffing van valse inligting of die vervalsing van dokumentasie om 'n onregverdige voordeel by die skool te verkry.

Code of Conduct and rules

1. Introduction

